# Hoofstuk 1 Behuising en interieur

## Hoofstukoorsig

Die fokus van hierdie hoofstuk is op drie opsies vir die verkryging van behuising, die finansiering wat verband hou met die koop van 'n huis en faktore om te oorweeg wanneer jy huishoudelike toestelle aankoop.

## Eenheid 1 Verskeie opsies om huisvesting te verkry

### Eenheidsoorsig

Hierdie eenheid kyk na drie verskillende maniere om huisvesting te verkry – huur, bou en koop – asook die voordele en nadele van elk van hierdie opsies en die finansiële en kontraktuele verantwoordelikhede wat betrokke is.

## Eenheid 2 Finansiering verbonde aan huiskoop

### Eenheidsoorsig

Hierdie eenheid dek die finansiering met die aankoop van 'n huis asook al die koste wat betrokke is, en kyk na hoe die regering en werkgewers subsidiëring vir behuising kan voorsien.

## Eenheid 3 Aankoop van huishoudelike toestelle

### Eenheidsoorsig

Die fokus van hierdie eenheid is op die aankoop van huishoudelike toestelle wat maklik en veilig is om te gebruik, energie-doeltreffend is en aanpasbaar is vir verskeie vereistes.

© Oxford University Press, Southern Africa 2013

# Hoofstuk 2 Die verbruiker

## Hoofstukoorsig

Verskeie onderwerpe wat verband hou met die verbruiker word in hierdie hoofstuk behandel. Die eenheid oor finansiële en kontraktuele aangeleenthede ondersoek onder meer kontrakte, onbillike besigheidspraktyke, swendelskemas en gemeenskapspaarskemas. Direkte en indirekte belasting, rentekoerse en inflasie word in die tweede eenheid bespreek, en daaropvolgende eenhede ondersoek die volhoubare verbruik van elektrisiteit en water in huishoudings. Ten slotte word die verantwoordelikheid van munisipaliteite rakende dienste en dienslewering, asook die ooreenstemmende verantwoordelikheid van gemeenskappe oor die gebruik van munisipale dienste ondersoek.

## Eenheid 1 Finansiële en kontraktuele aangeleenthede

### Eenheidsoorsig

In hierdie eenheid gaan leerders die volgende bestudeer:

- Wat 'n kontrak is.
- Soorte kontrakte van toepassing op verbruikers.
- Afkoelperiode en uitsluitingsklousules.
- Onbillike besigheidspraktyke met betrekking tot kontrakte.
- Verskil tussen soorte waarborge.
- Die uitken van grysprodukte of parallelle invoere.
- Swendelary en die soorte swendelskemas waarvan verbruikers bewus moet wees.
- Stokvels – 'n soort gemeenskapspaarskema wat wettig of onwettig kan wees.
- Piramide-skemas, wat in die algemeen onwettig is.

## Eenheid 2 Belasting, rentekoerse en inflasie

### Eenheidsoorsig

In hierdie eenheid gaan leerders die volgende bestudeer:

- belasting, soorte belasting wat in Suid-Afrika betaal word
- rentekoerse van toepassing op verskillende soorte krediet
- hoe om eenvoudige en saamgestelde rente te bereken
- inflasie, die oorsake, en hoe dit verbruikers beïnvloed
- die VPI en hoe dit bereken word.

© Oxford University Press, Southern Africa 2013